

Oorsig:

Skriflesing: Romeine 8: 1 – 30.

Teks van Oordenking: Romeine 8: 26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

TEMA: DIE TAAK EN DOEL VAN DIE HEILIGE GEES IS OM DIE KIND VAN GOD TE LEI IN DIE GEBED EN TE VERANDER NA DIE BEELD VAN JESUS!!!!

Iemand het eendag gesê: Gebed is nie die laaste uitweg nie: VIR DIE KIND VAN DIE HERE IS DIT DIE EERSTE PRIORITEIT!!

- Groot woorde as ons daaroor peins, want u sien – sonder gebed is dit onmoontlik vir die kind van God om te groei!!
- Wat is gebed: Gebed is NIE 'n twee rigting gesprek waar ek met God praat en Hy met my nie.
- Gebed is die uitstort van 'n dankbare hart voor die ewige God wat vanuit Sy onfeilbare Woord Homself almeer en meer aan my openbaar!!
- Soos suurstof nodig is vir die liggaam so is gebed nodig vir die kind van die Here!!
- Alhoewel gebed so belangrik is vind ons tog dat baie kinders van die Here nie kan bid nie, sukkel in hulle gebedslewe en selde gebedsverhoring beleef!!
- Die groot rede daarvoor is omdat ons op eie houtjie probeer i.p.v. Onself oorgee aan die Heilige Gees se leiding!!
- U sien, gebed begin in die hart en vloei spontaan oor die lippe, vanuit die hart!!
- Gebed is 'n spontane uitstort van my hart voor God wat in alle gevalle alles van my weet.
- Nie 'n voorgee, 'n vertoon, iets abnormaal nie NEE:spontaan in die Krag van die HEILIGE GEES

9. Die Heilige Gees leer ons bid.

V Rom 8:26 -27. ++ Gal 4:6

V Efesiërs 6: 17, 18.

V Judas 1:20

V Hebreërs 4: 14 – 16.

V Hebreërs 10: 19 – 22.

10. Die Heilige Gees verander ons NA DIE BEELD VAN JESUS

2Kor 3:17 - 18

U sien vriende, Dit is die einddoel van die Heilige Gees se werking in die lewe van God se kinders en dit is dat hulle sal verander om soos JESUS TE WEES!!!

Gedaante verander!! Bet: "METAMORPHOO" : *Dieselfde woord is gebruik met Jesus se verheerliking op die berg:*

Matt 17:1-2. ++ Rom 12:1

Die Vraag is: Verander ons so dat die vrug van die vlees en sonde al minder en minder in ons heers en na vore kom sodat die vrug van die Gees sigbaar word!!

Johannes die Doper: Die grootste van ALLE profete bid: **Joh. 3:30**
Hy moet meer word, maar ek minder. Johannes die dissipel van Jesus sluit later daarby aan as Hy sê: **1Joh 2:6**

Petrus stel dit so mooi!! 1Pet 2:21

Jesus self sê: **Matt 5:48**

Is dit moontlik?? 1000X JA!!!! Rom 8:29 ++ Fil 3:8 -12

Slot gedagte!!

- Geagte Broeders en Susters, vriende: Sal u nie maar 2018 die begin maak van 'n lewe van VOLLE OORGAWES aan God deur die kragvolle werking van Sy Gees nie!!
- Sal u nie maar ekstra moeite doen om elke las en sorg af te lê in u toewyding aan Hom nie!!
- Sal u nie maar saam met my sê en bely: *HERE, NET MY ALLERBESTE VIR U MY ALLERHOOGSTE!!!*